# Gebedsbulletin No. 51 van 2023

## 17 Desember 2023

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Veroorsaak ’n goeie probleem

“Veroorsaak ’n goeie probleem.” Dit klink vreemd. Tog is dit dikwels daardie mense, wat goeie probleme veroorsaak, wat die wêreld verander. Vra vir Paulus. Toe hyself agtergekom het dat die vroeë kerk besig was om in ’n semi-Joodse beweging te verander, het hy ’n goeie probleem veroorsaak. Hy het die evangelie na nie-Jode toe geneem. Hy het sendingreise aangepak wat die evangelie regoor die Romeinse Ryk versprei het. Dit het baie interne krisisse in Christelike geledere veroorsaak. “Wat van die besnydenis?” “Moet nie-Joodse gelowiges ook al die Joodse wettiese gebruike gehoorsaam?” Dit was die vrae, waarmee die leiers van die kerk in Jerusalem gekonfronteer is, soos wat Handelinge 15 en Galasiërs 2 vertel. Hierdie hoofstukke vertel egter nie net vir ons van die uitdagings, wat Paulus se radikale evangelieverkondiging veroorsaak het nie. Dit vertel ook van die leiding van die Heilige Gees, wat tot gevolg gehad het dat die kerk hierdie nuwe roete na nie-Jode toe aangegryp het. Met God se hulp het Paulus en ander gelowiges daarin geslaag om die Christendom na ’n wêreldwye beweging, genaamd die kerk, te verskuif. Hier was mans en vroue, slawe en vrymense, Jode en nie-Jode ewe tuis. In Efesiërs 2:11-22 skryf Paulus padlangs dat Christus ’n nuwe mensheid by die kruis tot stand gebring het. Letterlik bedoel hy dat Christus ’n splinternuwe volk met ’n nuwe identiteit tot stand gebring het. Hierdie nuwe volk is vry van enige bestaande kulturele identiteite en gebruike. Hier is die middelmuur van skeiding, wat Jode en nie-Jode van mekaar geskei het, afgebreek. Hier by die kruis het Christus versoening tussen mense gebring. Handelinge 15 en Galasiërs 2 vertel vir ons dat die vroeë kerk by hierdie nuwe roete, naamlik dat God vir Homself ’n universele nuwe volk tot stand gebring het, ingeval het. Hierdie einste “probleem” is steeds die regte oplossing. Wie weet, dalk moet ons vandag ook weer ’n paar goeie probleme op daardie plekke skep waar godsdiens in binnegevegte en dooie tradisies gestrand geraak het.

***deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Marinda Jordaan
Ria Putter
Maria Steyn
Sampie Swart
Annika Kilian
Monty Pienaar
Jaco Steenkamp
Leonie Kruger
Sumari Pretorius
Jillian Jansen
Tannie Martie de Beer
Albert Glockzin
Heinrich Kotzé
Willie Britz
Rudi Kruger
James Vermaak
Frik Blom
Jaap Naudé
Michael Redelinghuys
Tilly van Huysen
Flippie Roslee
Louis Strauss
Oom Cedric Wiegand
Tannie Bets Coetzee
Annetjie Pienaar
Michael Redelinghuys

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







## Gedagte vir die week




Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in